# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

**20c** Thursday 8 February 1979 WINDHOEK Donderdag 8 Februarie 1979 No. 3897


CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATION:**


No. AG. 2 Municipal Elections Postponement Amendment Proclamation, 1979 ... 1


INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIE:**


No. AG. 2 Wysigingsproklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1979 ... 1


---

# PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 6 February 1979)*

No. AG. 2 1979

AMENDMENT OF THE MUNICIPAL ELECTIONS POSTPONEMENT PROCLAMATION, 1978, SO AS TO FURTHER REGULATE THE POSTPONEMENT OF MUNICIPAL ELECTIONS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General

Swakopmund, 5 February 1979

# PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 6 Februarie 1979)*

No. AG. 2 1979

WYSIGING VAN DIE PROKLAMASIE OP DIE UITSTEL VAN MUNISIPALE VERKIESINGS, 1978, TEN EINDE DIE UITSTEL VAN MUNISIPALE VERKIESINGS VERDER TE REËL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal

Swakopmund, 5 Februarie 1979

## SCHEDULE

*Amendment of section 2 of Proclamation AG. 3 of 1978*

1. Section 2 of the Municipal Elections Postponement Proclamation, 1978 (hereinafter referred to as the principal Proclamation), is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (a) for the expression "year 1978" of the expression "years 1978 and 1979";

(b) by the substitution in paragraph (b) for the expression "1979" of the expression "1980"; and

(c) by the insertion in paragraph (c) after the expression "1978" of the expression "or the year 1979".

*Amendment of section 3 of Proclamation AG. 3 of 1978*

2. Section 3 of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution for the expression "1974" of the expression "1975".

*Amendment of section 3bis of Proclamation AG. 3 of 1978, as inserted by section 1 of Proclamation AG. 36 of 1978 and substituted by section 1 of Proclamation AG. 79 of 1978*

3. Section 3*bis* of the principal Proclamation is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (b) of subsection (1) for the expression "1979" of the expression "1980"; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) Notwithstanding the provisions of subsection (2) of section 33 of the Ordinance the town clerk of —

(a) a municipality referred to in subsection (1) of this section shall, before 31 December 1978 and 31 December 1979, respectively;

(b) any other municipality shall, before 31 December 1979,

and in the manner set out in subsection (1) of the said section 33 of the Ordinance make or cause to be made a supplementary voters' list containing the names of the persons who since the making of the main voters' list made out under section 33(1) (a) of the Ordinance with a view to the general election that would have been held during 1978 or, before the commencement of the Municipal Elections Postponement Amendment Proclamation, 1979, during 1979 appear from their application forms or other information at

## BYLAE

*Wysiging van artikel 2 van Proklamasie AG. 3 van 1978*

1. Artikel 2 van die Proklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1978 (hieronder die Hoofproklamasie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur in paragraaf (a) die uitdrukking "jaar 1978" deur die uitdrukking "jare 1978 en 1979" te vervang;

(b) deur in paragraaf (b) die uitdrukking "1979" deur die uitdrukking "1980" te vervang; en

(c) deur in paragraaf (c) na die uitdrukking "1978" die uitdrukking "of die jaar 1979" in te voeg.

*Wysiging van artikel 3 van Proklamasie AG. 3 van 1978*

2. Artikel 3 van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die uitdrukking "1974" deur die uitdrukking "1975" te vervang.

*Wysigiïg van artikel 3bis van Proklamasie AG. 3 van 1978, soos ingevoeg deur artikel 1 van Proklamasie AG. 36 van 1978 en vervang deur artikel 1 van Proklamasie AG. 79 van 1978*

3. Artikel 3*bis* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig —

(a) deur in paragraaf (b) van subartikel (1) die uitdrukking "1979" deur die uitdrukking "1980" te vervang; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

" (2) Ondanks die bepalings van subartikel (2) van artikel 33 van die Ordonnansie moet die stadsklerk van —

(a) 'n munisipaliteit bedoel in subartikel (1) van hierdie artikel voor, onderskeidelik, 31 Desember 1978 en 31 Desember 1979;

(b) enige ander munisipaliteit voor 31 Desember 1979,

op die wyse uiteengesit in subartikel (1) van genoemde artikel 33 van die Ordonnansie 'n aanvullende lys van kiesers opstel of laat opstel van die name van die persone wat sedert die opstel van die hooflys van kiesers wat kragtens artikel 33(1) (a) van die Ordonnansie opgestel is met die oog op die algemene verkiesing wat gedurende 1978 of, voor die inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1979, gedurende 1979 gehou sou word, volgens hul aansoekvorms of ander in-

the disposal of the town clerk, to be qualified in terms of the Ordinance to be enrolled as voters.".

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the Municipal Elections Postponement Amendment Proclamation, 1979.

ligting tot beskikking van die stadsklerk ingevolge die bepalings van die Ordonnansie bevoeg is om as kiesers ingeskryf te word.".

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1979.